

26 September - ROTS

Skrifgedeelte: Lukas 6:46-49
Fokusgedeelte: Lukas 6:47, 48

Ons lees hier van twee mense wat 'n plekkie bou om veilig in te bly. Bolangs het alles goed gelyk, waarskynlik presies dieselfde. Daar was egter een radikale verskil: die fondasies! Die huis met fundamente diep uitgegrawe uit die grond, gebou op rots, het bly staan toe die storms gekom het. Die ander huis, bo-op die grond, sonder 'n fondament, is vernietig deur die stormwater.

Hierdie gelykenis wil ons eindelijk lei om navraag te doen oor ons geestelike fondasies. Waarop bou jy jou lewe? Baie mense dink hulle het God se handleiding, sy Woord, nie nodig vir die bou van goeie lewenshuise nie. Sy spesifikasies en argiteksplanne vir die lewenshuis van elke mens word nie gevolg nie, en dan word bouwerk brouwerk. Ons sien dit by stukkende huwelike, ouers en kinders wat van mekaar verwyder is, geestelike wrakke in die samelewing, soekende mense ...

Het jy al voor 'n stukkende huis gestaan en nie geweet wat om te doen nie? Volg God se bouplanne! Hy wil hê jy moet op die Rots, Jesus Christus, bou. Hy doen rekonstruksiewerk in jou lewe waar jou brouwerk jou lewenshuis laat intuimel het. Hy rig met sy verlossings- en versoeningswerk huise en lewens op.

Hy gee verder sy Gees aan jou om die voorskrifte vir huisbou te kan nakom. Die Gees laat jou diep grawe uit die Woord om net by die Rots, Jesus Christus, vastigheid vir jou lewe te kry.

Hoe lyk jou bouwerk vandag? Bou jy op Christus en sy genade? Bou jy diep vanuit die voorskrifte van God se Woord? Dan vorder jy; dan bou jy! Dan sal jou huis die storms van hierdie lewe en van God se oordele weerstaan!

Sing: Psalm 46:1 (1936-beryming)

DsTJ Potgieter (Port Elizabeth)